**BERGRIVIER MUNISIPALITEIT / MUNICIPALITY**

**VISIE:**

**Bergrivier: 'n vooruitstrewende gemeenskap waar almal wil leef, werk, leer en speel op 'n menswaardige manier.**

**VISION:**

**Bergrivier: a prosperous community where all want to live, work, learn and play in a dignified manner.**

**KERN WAARDES / CORE VALUES**

**We are all part of Bergrivier Municipality.**
**We render good services to ensure dignified living to all.**
**We are unashamedly pro-poor.**
**We believe in close innovative partnerships.**
**We believe in social and economic development of our area.**
**We care about our work and our colleagues.**
**We are disciplined.**
**We believe in ethical behaviour.**
**We believe in good relationships.**
**We serve with pride.**

# NOTULE VAN DIE RAADSVERGADERING GEHOU OP DINSDAG 30 SEPTEMBER 2025 OM 14:00 VANAF PIKETBERG

## TEENWOORDIG:

## RAADSLEDE

| | | | |
|---|---|---|---|
| Rdh. RM van Rooy | [DA] | : | Uitvoerende Burgemeester |
| Rdh. MA Wessels | [DA] | : | Uitvoerende Onderburgemeester |
| Rdh. J Daniels | [DA] | | |
| Rdh. A de Vries | [DA] | | |
| Rdl. JJ Moolman | [DA] | | |
| Rdh. AJ du Plooy | [DA] | | |
| Rdl. RL Laubscher | [DA] | | |
| Rdd. SS Lesch (Me.) | [ANC] | | |
| Rdl. IS Adams | [ANC] | | |
| Rdl. BU Maarman (Me.) | [ANC] | | |
| Rdh. EB Manuel | [GOOD] | | |
| Rdl. A Earle | [PA] | | |

## AMPTENARE

| | | |
|---|---|---|
| Adv. H Linde | : | Munisipale Bestuurder |
| Mnr. JWA Kotzee | : | Direkteur Korporatiewe Dienste |
| Mnr. PW Erasmus | : | Direkteur Finansiële Dienste |
| Mnr. DA Josephus | : | Direkteur Gemeenskapsdienste |
| Mnr. J Erasmus | : | Direkteur Tegniese Dienste (waarnemend) |
| Me. W Prins | : | Bestuurder: Strategiese Dienste |
| Mnr. W Wagener | : | Bestuurder: Stadsbeplanning en Omgewingsbestuur |
| Mev. RC Gerber | : | Komitee Beampte |

***

**AKSIE**

**RVN001/09/2025**
**<u>OPENING EN VERWELKOMING</u>**

Die Munisipale Bestuurder verwelkom almal teenwoordig by die vergadering, waarna Raadsheer Du Plooy die vergadering open met gebed.

‘n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan die lede van die publiek wat die verrigtinge bywoon en op die “YouTube” platform ingeskakel is.

Die Munisipale Bestuurder deel die Komitee mee dat die Speaker ongesteld is, en dat sy die vergadering sal lei totdat die Raad 'n waarnemende Speaker vir die vergadering aanwys.

Die Uitvoerende Burgemeester stel voor dat Raadsheer Daniels die vergadering lei. Die voorstel is gesekondeer deur Raadslid Moolman en Raadsheer De Vries.

Die Munisipale Bestuurder gaan oor tot stemming by wyse van hande met die volgende uitslae:

Ten gunste van: 12
Nie ten gunste van: 0
Bly buite stemming: 1
Afwesig: 0

Raadsheer Daniels neem die Voorsitter stoel in.

***

**RVN002/09/2025**
**<u>AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID</u>**
**3/3/1/4**

Speaker – siekverlof
Direkteur Tegniese Dienste – vakansieverlof (die Bestuurder: Elektriese Ingenieursdienste staan in)
Interne Ouditeur – siekverlof

***

**RVN003/09/2025**
**<u>VERKLARING VAN BELANGE INGEVOLGE SKEDULES 7 & 2 (GEDRAGSKODE VIR RAADSLEDE EN AMPTENARE)</u>**
**3/3/1/6**

Die Raadslede en amptenare verklaar individueel dat hulle geen persoonlike belange met betrekking tot die items op die agenda het nie.

***

**RVN004/09/2025**
**<u>BEKRAGTIGING VAN DIE NOTULES VAN DIE VORIGE VERGADERINGS: VRYDAG 22 AUGUSTUS 2025 EN DINSDAG 26 AUGUSTUS 2025</u>**
**3/3/2/2**

Die Voorsitter lei die item in.

**<u>BESLUIT</u>**

Dat die notules van die vorige vergaderings soos gehou op Vrydag 22 Augustus 2025 en Dinsdag 26 Augustus 2025 bekragtig word.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**RVN005/09/2025**
**IMPLEMENTERINGSVERSLAE VIR RAADSBESLUITE: TERUGVOERING VANAF MUNISIPALE BESTUURDER EN DIREKSIE RAKENDE DIE RAADSBESLUITE GENEEM TYDENS DIE VORIGE RAADSVERGADERING: VRYDAG 22 AUGUSTUS 2025 EN DINSDAG 26 AUGUSTUS 2025**
**3/3/2/2**

***(Implementeringsverslae word ter tafel gelê soos voorheen elektronies versprei)***

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat kennis geneem word van die Implementeringsverslae van die vorige vergaderings soos gehou op Vrydag 22 Augustus 2025 en Dinsdag 26 Augustus 2025.

***(RC GERBER)***
***KOMITEE BEAMPTE***

***

**RVN006/09/2025**
**SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULES: VRYDAG 22 AUGUSTUS 2025 EN DINSDAG 26 AUGUSTUS 2025**
**3/3/2/2**

Geen

***

**RVN007/09/2025**
**VERKLARINGS / MEDEDELINGS DEUR DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER**
**3/3/1/6**

Verklarings/mededelings deur die Uitvoerende Burgemeester:

- Dat mnr. Rosco Erasmus van Laaiplek oorlede is en wens die Uitvoerende Burgemeester sy ouers en familie sterkte toe in die moeilike tyd; en
- Hy wens die matrikulante in die Bergrivier area sterkte toe met hul komende matriekafskeide.

Verklarings/mededelings deur die Munisipale Bestuurder:

- Dat die Speaker se skoonma oorlede is en wens die Munisipale Bestuurder hom en sy familie sterkte toe in die moeilike tyd; en
- Sy bedank die Raad namens die Administrasie vir die “Better Together Games” gehou op Vrydag 26 September 2025, asook die komitee wat dit gereël het.

Verklarings/mededelings deur die Voorsitter:

VERJAARSDAE

- Dat Raadsdame Lesch op Donderdag 23 Oktober 2025 verjaar en wens die Voorsitter haar namens die Raad geluk en seënwense toe met haar komende lewensjaar.

LEED

- Dat mnr. M Heugh (werksaam in die Tegniese Dienste direktoraat) se vader oorlede is en wens die Voorsitter hom en sy familie sterkte toe in die moeilike tyd; en
- Dat verskeie gemeenskapslede aan die dood afgestaan is in die Bergrivier Munisipale Area en wil hy die Raad se meegevoel betuig met die sterftes.

‘n Oomblik van stilte word gehandhaaf vir die afgestorwenes se families in hierdie moeilike tyd.

***

**RVN008/09/2025**
**<u>ONDERHOUDE MET AFVAARDIGINGS: AFLEGGING VAN EED OF PLEGTIGE VERKLARING DEUR NUUTVERKOSE RAADSLID</u>**
**15/1/5/9**

Die Voorsitter bied geleentheid aan die Munisipale Bestuurder om die inhuldigingsproses waar te neem, waarna mnr. Earle die eed aflê en onderteken.

Die Personeelhoof: Kantoor van die Uitvoerende Burgemeester beklee die Raadslid met die toga.

Die Munisipale Bestuurder verwelkom Raadslid Albert Earle as ‘n Raadslid van Bergrivier Munisipaliteit, waarna sy hom voorspoed en sterkte toewens. Hy neem sy sitplek in by die Raad.

Ten slotte reël die Munisipale Bestuurder dat die fotosessie met die nuutverkose Raadslid en sy familie na afloop van die Raadsvergadering sal plaasvind.

Die Voorsitter bied geleentheid aan die verteenwoordigers van die onderskeie politieke partye om die nuwe Raadslid te verwelkom.

’n Spesiale woord van verwelkoming word gerig aan Raadslid Earle deur Raadsheer Manuel namens GOOD, Raadsdame Lesch namens die ANC en die Uitvoerende Burgemeester namens die DA.

***

**RVN009/09/2025**
**<u>MOSIES / VRAE</u>**
**3/3/1/1; 3/3/1/2**

Geen

***

**RVN010/09/2025**
**<u>DRINGENDE SAKE VANAF DIE SPEAKER, UITVOERENDE BURGEMEESTER EN MUNISIPALE BESTUURDER: FEEDBACK: PIKETBERG CAS 73/12/2024 R VAN ROOY ACT 140 1992 - 5(b)</u>**
**9/1/2**

Die Voorsitter hou aan die Raad voor die skrywe ontvang vanaf die Suid-Afrikaanse Polisiediens wat bevestig dat die Senior Staatsaanklaer, Malmesbury Landdroshof, besluit het om nie te vervolg nie, en die saak teen die Uitvoerende Burgemeester is teruggetrek.

Raadslid Manuel bevraagteken die geldigheid van 'n soortgelyke brief wat reeds etlike maande gelede aan die Raad voorgelê is en versoek duidelikheid ten opsigte van die aangeleentheid.

Die Voorsitter neem kennis van Raadsheer Manuel se versoek.

**KENNIS GENEEM**

***

**RVN011/09/2025**
**VACANCY: CHAIRPERSON OF THE PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE**
**3/2/2**

Die Munisipale Bestuurder lei die item in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

1. That the Executive Mayoral Committee and Council take note of the vacancy on the Performance, Risk and Audit Committee and grant permission for the vacancy to be filled; and
2. That the attached advertisement will be placed in various newspapers as well as on the municipal website and notice boards during October 2025.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**RVN012/09/2025**
**VERTEENWOORDIGERS OP BUITELIGGAME EN ANDER RAADSAANGELEENTHEDE**
**3/2/2**

***(Lys van Verteenwoordigers op Buiteliggame en Raadskomitees word ter tafel gelê soos voorheen elektronies apart versprei)***

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item in. Die Direkteur Korporatiewe Dienste hou die voorgestelde wysigings aan die Raad voor.

Op navraag van Raadslid Manuel rakende die persentasie wat vereis word vir 'n kworum op die staande komitees, bevestig die Direkteur Korporatiewe Dienste dat die Ordereëls bepaal dat die kworum 50% plus een is, wat standaard is vir alle komitees. Die Munisipale Bestuurder voeg by dat halwes opgerond word.

Raadsheer Manuel rig ‘n versoek dat items na die volgende staande komitee verwys word wanneer daar geen kworum is nie.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

Dat die Raad die aangehegte lys van Verteenwoordigers op Buiteliggame en ander Raadsaangeleenthede goedkeur.

***DIREKTEUR KORPORATIEWE DIENSTE***

***

**RVN013/09/2025**
**VERHURING VAN ERF 3292, PIKETBERG**
**PB. 3292**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item in.

**Die onderstaande besluit word eenparig deur die Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

Dat die gedeelte ±1842m² groot van Erf 3292, Piketberg ingesluit strukture daarop benodig word vir minimum vlak Munispale dienslewering en kan as gevolg nie verhuur word nie.

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN014/09/2025**
**SLUITING/VERVREEMDING VAN VOETPAD: ERWE 2965, 2966 & 2967 PORTERVILLE (VOETGANG DEURGANG TUSSEN PROTEASTRAAT EN DJ PEARCELAAN)**
**PTV. 2965, 2966 & 2967**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item in.

**Die onderstaande besluite word eenparig deur die Raad aanvaar:**

**BESLUIT**

1. Dat 'n gedeelte van die voetpad (Erf 2965, Porterville ±35m² groot) vervreem word teen Munisipale Waardasie van R1000.00 (BTW ingesluit) aan die grondeienaar van Erf 2209 Porterville;
2. Dat alle kostes verbonde aan die opmeting/registrasie van die konsolidasie by die Landmeter Generaal en Aktekantoor op eie onkoste deur die eienaar van Erf 2209, Porterville gedoen word;
3. Dat die res van die voetganger deurgang permanent toegespan bly omdat dit veiligheid en wetstoepassing probleme inhou wat 'n direkte negatiewe impak het op die veiligheid en sosiale welstand van lede van die gemeenskap;
4. Dat die Munisipale Bestuurder gemagtig is om oordrag dokumente in bogenoemde verband te onderteken en finaliseer; en
5. Dat afdeling Tegniese Dienste verantwoordelik sal wees vir die verwydering van die gedeelte "clear vu" grensdraad aangrensend tot Erf 2209, Porterville

***BESTUURDER: STADSBEPLANNING EN OMGEWINGSBESTUUR***

***

**RVN015/09/2025**
**PROPOSED ESTABLISHMENT OF INFORMAL TRADING SITES IN NOORDHOEK, LAAIPLEK**
**L. 808 624**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadslid Moolman, lei die item in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

1. That the proposed use of RE/808, Laaiplek for informal trading be referred back to Corporate Services, and that the feasibility of establishing a taxi rank on this site be investigated;
2. That Council approves, in principle, the use of the western portion of Erf 624, Laaiplek, situated along Watsonia Street, for informal trading;
3. That Council authorises the Department of Town Planning and Environmental Management to initiate the required land use planning processes for Erf 624, Laaiplek;
4. That Council approves the relocation of the playground facilities from the western to the eastern side of Erf 624, Laaiplek, to allow for the establishment of informal trading sites along Watsonia Street; and
5. That the Directorate: Community Services be mandated with the relocation of the playground facilities and fencing.

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN016/09/2025**
**OFFERS TO PURCHASE RECEIVED IN RESPECT OF ERF 4073 LAAIPLEK**
**L. 4073**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer Moolman, lei die item in.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

1. That Council confirms that Erf 4073, Laaiplek is not required for the provision of minimum levels of basic municipal services in terms of Section 14 of the MFMA;
2. That Erf 4073, Laaiplek be made available for alienation by way of public tender, subject to the following conditions:
   i That a reserve price of R6,000,000 (R6 million) be set;
   ii That the tender be advertised for a minimum of 30 days, and it be done as a two stage bidding process;
   iii That the successful bidder be responsible for all transfer and registration costs;
   iv That the successful bidder shall:
      a) Connect the property to all required municipal services (e.g. water, sewer, electricity, roads), at own cost, and to the satisfaction of the Directorate: Technical Services;
      b) Be liable for any required service network upgrades, as determined by the Directorate: Technical Services;
      c) Ensure that access to the property is obtained only from Wipstert Street;
      d) Obtain all necessary planning approvals, environmental authorisations, licenses, and permits, at their own cost and risk;
      e) Accept that no guarantees are given regarding the outcome of applications, and the Municipality shall not be held liable for any resulting losses;
      f) Familiarise themselves with all applicable restrictions and conditions, including zoning, servitudes, title deed conditions, and environmental limitations; and
      g) Accept that the property is sold voetstoots, with no warranties, express or implied, as to its condition or fitness for any intended purpose.

***MANAGER: TOWN PLANNING AND ENVIRONMENTAL MANAGEMENT***

***

**RVN017/09/2025**
**CORPORATE SOCIAL INVESTMENT AND RELIEF FUNDING POLICY**
**5/1/B**

Die Voorsitter lei die item in.

**BESLUIT**

Dat die item onttrek word van die agenda en terugverwys word na die Finansiële Dienste Komitee vir verdere bespreking.

***DIREKTEUR FINANSIËLE DIENSTE***

***

**RVN018/09/2025**
**REQUEST FOR PROPOSALS (RFP) FROM INDEPENDENT POWER PRODUCERS TO PROVIDE RENEWABLE ENERGY TO BERGRIVIER MUNICIPALITY - MFMA SECTION 116(3) AND SECTION 33**
**16/2/1**

Die Portefeulje Voorsitter, Raadsheer De Vries, lei die item in.

Raadsheer Manuel maak beswaar met betrekking tot sake wat na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee en die Raad verwys word deur Komitees waar daar nie 'n kworum was nie. Hy verwys spesifiek na die Tegniese Dienste Komiteevergadering gehou op Woensdag 27 Augustus 2025.

Raadsheer De Vries verduidelik dat die Tegniese Dienste Komiteevergadering gehou op Woensdag 27 Augustus 2025, nie'n gekonstitueerde vergadering was nie weens die afwesigheid van 'n kworum, en dat die vergadering dus as 'n gesprekvoering hanteer is. Hy bevestig dat toestemming van die Uitvoerende Burgemeester verkry is om die item direk na die Uitvoerende Burgemeesterskomitee te verwys.

Verskeie insette en kommentaar word gelewer deur die Komitee.

**The undermentioned resolutions were taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

1. That the proposed long-term contract of period 1 July 2025 – 30 June 2045 in principle be approved for the three towns, namely Porterville, Piketberg and Velddrif;
2. That the intention of the contract be forwarded to Provincial Treasury, National Treasury & National Department of Local Government (Section 33(1)(b)(iv)) by close of asking inputs from the Public;
3. That comments be solicited from the community in terms of the proposed long-term contract (Section 33(1)(b)(iii) by the Municipality;
4. That information and received submissions be tabled to Council if any are received; and
5. That an information statement be placed on the website with the advertisement of intention.

***DIRECTOR TECHNICAL SERVICES***

***

***(Raadsheer Manuel verlaat die vergadering om 15:06 met toestemming)***

**RVN019/09/2025**
**PERFORMANCE, RISK AND AUDIT COMMITTEE: ANNUAL PERFORMANCE REPORT: 2024/2025**
**12/2/2/21**

Die Voorsitter lei die item in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

That Council take note of the Performance, Risk and Audit Committee's Annual Performance Report for 2024/2025.

***INTERNAL AUDITOR***

***

**RVN020/09/2025**
**MONTHLY BUDGET STATEMENT JULY 2025**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

That Council note the monthly budget statement and supporting documentation for July 2025.

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN021/09/2025**
**SUPPLY CHAIN MANAGEMENT IMPLEMENTATION REPORT FOR JULY 2025**
**5/1/1**

Die Voorsitter lei die item in.

**The undermentioned resolution was taken unanimously by Council:**

**RESOLVED**

That Council takes note of the July 2025 Supply Chain Management Implementation report and that it be made public in accordance with Section 21A of the Local Government: Municipal Systems Act. (Act no 32 of 2000).

***DIRECTOR FINANCIAL SERVICES***

***

**RVN022/09/2025**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN023/09/2025**
**BESLUITE VIR KENNISNAME INGEVOLGE GEDELEGEERDE BEVOEGDHEID VAN UITVOERENDE BURGEMEESTERSKOMITEE SE SPESIALE VERGADERINGS**
**3/2/1/3**

Geen

***

**RVN024/09/2025**
**WYKSKOMITEES: KENNISNAME / BESPREKING VAN VERSLAE EN NOTULES**
**3/2/1/3**

Geen

***

***(Die vergadering verdaag om 15:12. Die lede van die publiek en amptenare verlaat die vergadering, waarna die volle Raad, Munisipale Bestuurder, Direkteur Finansiële Dienste, waarnemende Direkteur Tegniese Dienste en Komitee Beampte die vergadering in-komitee voortsit)***

## *DIE VERGADERING VERDAAG OM 16:13*

*HIERMEE BEVESTIG EK DIE ONDERGETEKENDE DAT HIERDIE
NOTULE SOOS BEKRAGTIG 'N WARE WEERGAWE IS VAN DIE VERRIGTINGE*

| | |
|---|---|
| ____________________ | ________________ |
| ***VOORSITTER*** | ***DATUM*** |